**AFRIKAANS B – HIGHER LEVEL – PAPER 1**
**AFRIKAANS B – NIVEAU SUPÉRIEUR – ÉPREUVE 1**
**AFRIKAANS B – NIVEL SUPERIOR – PRUEBA 1**

Tuesday 4 November 2003 (morning)
Mardi 4 novembre 2003 (matin)
Martes 4 de noviembre de 2003 (mañana)

1 h 30 m

---

TEXT BOOKLET – INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

- Do not open this booklet until instructed to do so.
- This booklet contains all of the texts required for Paper 1 (Text handling).
- Answer the questions in the Question and Answer Booklet provided.


LIVRET DE TEXTES – INSTRUCTIONS DESTINÉES AUX CANDIDATS

- Ne pas ouvrir ce livret avant d’y être autorisé.
- Ce livret contient tous les textes nécessaires à l’épreuve 1 (Lecture interactive).
- Répondre à toutes les questions dans le livret de questions et réponses.


CUADERNO DE TEXTOS – INSTRUCCIONES PARA LOS ALUMNOS

- No abra este cuaderno hasta que se lo autoricen.
- Este cuaderno contiene todos los textos requeridos para la Prueba 1 (Manejo y comprensión de textos).
- Conteste todas las preguntas en el cuaderno de preguntas y respuestas.

**TEKS A**



# AS DIE DICE* VERKEERD VAL



"Ander tieners koop Walkmans, duur CD's of ontwerpersklere. Ek speel liewer poker saam met my vriende, vir geld. Wanneer ek wen, voel ek goed. En hoe meer ek wen, hoe meer geld maak ek en hoe meer kan ek weer verwed."

Dis 'n graadtwaalf-seun, sewentien jaar oud, 'n akademiese presteerder in 'n Kaapse private skool wat so praat. Sedert hy vyftien is, dobbel hy en ander rykmanskinders. Hulle was ook die laaste jaar casino's toe. Omdat hy ouer as agtien lyk, vra die personeel by die casino-deure nie sy identiteitsdokument nie en word hy altyd ingelaat, sê hy.

Groot was my verbasing toe ek my eie tienjarige seun vra of daar dalk 'n gedobbel in sy staatskool is.

"Ag, Mamma, party kinders speel speletjies ***[ – Voorbeeld – ]*** geld, maar dis net grappies. Hulle speel nie met groot geld nie en hulle doen dit nie elke dag nie."

Die meeste tieners begin onskuldig saam met hulle gesinne of maats dobbel. Maar jong mense hou daarvan om te waag, en 'n wenslag kan hulle die indruk gee dat dit 'n kortpad **[ – 7 – ]** 'n glansryke lewe is, sê dr. Rodger Meyer, mediese direkteur van Suid-Afrika se.

Nasionale Verantwoordelike Dobbelprogram. Dié wat **[– 8 – ]** sekere gebiede nie **[ – 9 – ]** maats kan meeding nie, bv. in sport, beskou dobbel as 'n gebied waar almal dieselfde kans het. "Die enkele kere dat hulle geld wen, trek hulle mense se aandag," verduidelik dr. Meyer. "Die geld gee hulle mag en erkenning en hulle kan gewildheid **[ – 10 – ]** hul maats tydelik koop deur hulle byvoorbeeld op drankies en eetgoed te trakteer. Dit kan hulle 'n illusie **[ – 11 – ]** belangrikheid gee."

Hoe groot die probleem onder Suid-Afrikaanse kinders is, is nie bekend nie, sê dr. Meyer. "Ons kinders moet egter opgevoed word teen die gevare sodat hulle nie dobbelverslaafde volwassenes word nie."

---

* dice: dobbelsteen

**TEKS B**



# SEE TOE OP DIE WEB

❶ Jou rekenaarskerm – met M-Web se spesiale Somerwebwerf daarop – is dié somer net so noodsaaklik soos jou sonskerm. Op dié webwerf kry jy nuus, wenke en vuurwarm feite oor net mooi alles onder die son – van waar jy die luilekkerste vakansie kan gaan hou, tot wat die weer vandag in jou kontrei gaan maak.

❷ Maak 'n draai op www.mweb.co.za en kliek op 'Summer' voordat jy 'n voet uit die huis sit. Jou vakansie sal soveel prettiger wees.

❸ Jy kan byna jou hele vakansie op die webruimte beplan. Hier kan jy blyplek soek en bespreek, vliegkaartjies koop, 'n motor huur en vasstel wat by jou vakansiebestemming aangaan. Om jou selfs meer te laat uitsien na die ledige uurtjies op die strand, kan jy kyk wat die kameras op 'n paar van Suid-Afrika se mooiste kusplekkies in die oog kry.

❹ As jy gereed is vir 'n pretbelaaide vakansie, is jou selfoon en M-Web se mobiele diens dié somer 'n móét. As jy eers die pad gevat het, slaan jy eenvoudig oor na M-Web se mobiele diens. Dié diens lewer inligting vanaf die Somerwebwerf as SMS-boodskappe op jou selfoon af.

❺ M-Web gaan ook dié somer see toe. Daar is inligtingskiosks op die gewildste strande - van Kampsbaai tot by Ballitobaai. Jy kan hier inloer en vasstel wat alles in die omgewing te doen is. En as jy regtig jou vriende wil groen van jaloesie maak, vra die M-Webbers om jou foto te neem en dit aan vriende tuis te e-pos. Jy kan selfs by enige van die tien kiosks aan wedstryde deelneem en met 'n prys en 'n geskenkie of twee wegstap.

❻ Dié infodiens bied inligting oor alles en nog wat. Kyk op die webwerf by www.mweb.co.za of gebruik jou selfoon. Laat weet M-Web gerus per e-pos by summerinfo@mweb.co.za indien iets opwindends in jou omgewing gebeur.

**TEKS C**

# HY'S MY BROER deur Marita van der Vyver

Môre sal hy hulle wys. Solank hulle hom net nou sien nie. Nie saam met sy pa en ma, en Oscar, nie!

Hulle sit drie tafels van hom af. Hy hoor hulle luidrugtig lag.
"Is julle reg om te bestel?" vra die kelnerin langs hom en hy ruk soos hy skrik.

"Kaasburger en chips*," mompel hy sonder om op te kyk.

"Ek dog 'n sportster soos jy sou pasta eet op die vooraand van 'n groot vertoning," terg sy ma.

"Iets om te drink?" vra die kelnerin en hy hoor in haar stem hoe sy vir hom lag.

"Kan ek 'n koeldrank kry?"

"A…a…a" stamel Oscar.

"Eh … wat wil hy hê?"

Onmiddellik klink haar stem anders. Die selfversekerde kelnerin verander in 'n verskrikte skoolkind. Dit gebeur altyd, dink Liam.

"Vra hom," sê hy, bitsiger as wat hy bedoel het. "Hy's nie doof nie."

"Oscar," vra sy ma in haar sagte stem, "wil jy dieselfde as Ouboet hê?"

Oscar knik sy skewe kop. Soos 'n inkopiesak wat verkeerd gepak is, het Liam al gedink, wat altyd eenkant toe leun. Sy mond hang oop, sy stadige tong steek effens uit.

Hy lyk soos 'n idioot. Liam wil skree van opstandigheid.

Slab lag sy growwe lag aan die ander tafel en Liam sak terug om agter sy ma se lyf weg te kruip.

Onverwags skuif Slab sleepvoet tussen tafels deur, vlak voor hulle verby, en huiwer 'n oomblik agter Oscar se rug. Hy kyk in Liam se oë vas, frons effens.

"Hoesit?" sê hy in sy swaar stem. "Kom jy nie partytjie toe nie?"

Hy't nie vir Oscar opgemerk nie. Liam skud sy kop vinnig. Slab trek sy skouers op, en stap na die deur toe waar die ander drie seuns vir hom wag.

Die hele skool is na Lisa se partytjie genooi, selfs die nuwe ouens soos Liam. En hy moet saam met sy ma en pa in die Spur sit omdat dit Oscar se tiende verjaarsdag is.

"Is hy saam met jou op skool, Liam?" Sy ma se glimlag lyk amper gretig. Sy weet hy het nie maats gemaak nie.

"Hy's altyd in die moeilikheid. Die onderwysers kan hom nie verdra nie. Maar die kinders is mal oor hom.

In elke skool, vermoed Liam, is daar één ou wat jy aan jou kant moet kry. In sy nuwe skool is Albert Slabber daardie ou. As jy Slab as jou pêl kan hê, sal almal jou pêl wees, almal wat saak maak, en die res sal nie waag om met jou skoor te soek nie.

"Kaasburger!" hoor hy agter hom. "Vir die sportster!"

Liam voel sy wange van nuuts af warm word. Laat sy maar lag. Môre sal sy weet wie hy is. Môre sal sy en Slab en al die ander kinders in hierdie simpel stadskool wéét hy is nie sommer net nog 'n nuwe outjie van 'n klein dorpie nie.

* * * * * * * * * * *

Die 4x400m aflos is aan die gang. Die aanmoediging is dreunend, en hy moet die laaste rondte aflê. Hy het reeds almal verstom - deur die 400m en die 400m hekkies te wen. Waar kom hierdie atleet vandaan? Nou ken hulle sy naam. As hy die aflos ook wen, sal hulle dit nie vergeet nie.

Hy neem sy plek in, sy maag saamgetrek soos 'n vuis, en begin draf, sy hand agter hom uitgestrek, amper … amper … NOU!

Liam se vingers vou toe om die aflosstok - en onmiddellik verdwyn sy senuweeagtigheid. Hy hoor nie meer sy hart klop of sy asem jaag nie. Hy sien niks behalwe die twee atlete op wie se hakke hy hardloop nie.

En tog, soos altyd as hy alles inspan om 'n wedloop te wen, voel hy asof hy bo sy eie lyf uitstyg en afkyk na Liam doer onder op die atletiekbaan. Asof daar twee Liams is, die een 'n lyf wat hardloop, die ander een iets anders, iets onsigbaar, iets …

"Serebraal verlam," het sy pa gesê, tien jaar terug, toe hy van die hospitaal af kom.

Dit was die eerste keer dat Liam hierdie vreemde woord gehoor het. Dit was soos 'n heks se abrakadabra-spreuk, 'n vloek wat hulle hele lewe verander het.

En nou het sy pa en ma besluit om stad toe te trek, ter wille van Oscar, sodat hy beter behandeling kan kry en na 'n beter skool toe kan gaan.

"Ter wille van Oscar!" het Liam geskreeu en sy kamerdeur toegeklap. "En wat van my? Tel ek glad nie meer nie in hierdie huis nie?"

Oscar, Oscar, Oscar, dink Liam terwyl hy elke spier inspan om die ou langs hom verby te steek, dis altyd net Oscar. Li-am, Li-am, Li-am, hoor hy, en besef dat die hele skool besig is om vir hom te skreeu. Daar is net een atleet voor hom, en hy kán hom inhaal. Hy moet hom inhaal. Vir Oscar, dink hy, vir Oscar wat nie kan hardloop nie.

Almal drom om hom saam, klop hom op die rug. Selfs ou Slab en sy agterhoede het nader gestaan. Hulle sit nou agter Liam op die paviljoen. Hulle lag saam met hom, Slab en al die ander, en hy kan nie onthou wanneer laas hy so gelukkig gevoel het nie.

"Kyk daai vertraagde ou."

Liam hou op om asem te haal. Hy weet na wie Slab wys. Hy draai sy kop stadig. Oscar staan 'n entjie van hom af. Oscar wat krampagtig aan sy pa se hand vashou, sy pa wat trots glimlag.

Oscar is soveel kleiner as ander kinders van sy ouderdom, sy ineengetrekte lyfie so lig soos 'n skaduwee, die gekromde rug, die skewe kop, die mond wat altyd oop hang. Liam kan nie onthou wanneer hy laas so skáám gevoel het nie.

"Hy is nie 'n vertraagde ou nie." Sy stem weergalm in sy eie kop, maar hy kyk Slab reguit in die oë. "Hy's my broer!"

Slab lyk 'n oomblik verbouereerd – kan dit wees dat hy bloos? – voordat hy lag, nie so luidrugtig soos gewoonlik nie. Hy trek sy skouers op en draai sy oë weg van Liam af.


"Sy naam is Oscar," sê Liam, en stap weg, na sy pa en broer wat vir hom wag.

---

* aartappelskyfies

**TEKS D**

# GEBOU UIT WEGGOOIGOED



❶ "Dis vir my moeilik om iets weg te gooi. Elke keer as ek van iets ontslae raak, kry ek dit 'n paar dae later nodig," sê die Kaapse kunstenaar Willie Bester, wat oorsee beroemd is vir sy sonderlinge skeppings, dikwels uit skroot.

❷ Met dié uitgangspunt het Willie besluit om sy nuwe huis in Kuilsrivier van weggooigoed te bou. Dis blyplek en werkplek, huis en fabriek, gemaak van Willie se eie vondse en goed wat ander vir hom aangedra het.

❸ "Skrootwerwe is simbolies van 'n gemeenskap wat goed weggooi. Die verwerking van sulke goed is my boodskap aan mense wat gedurig kla. Pleks van kla, kan jy gerus kyk wat jy kan doen. Dit neem my nie so lank om die goed aanmekaar te sit nie, wel 'n paar dae om te meet en pas."

❹ Willie het as seun in Montagu met 'n hamer, 'n tang, spykers en hope inspirasie vir homself Kersgeskenke gemaak. Daarna het hy sandale, handsakke en gordels gemaak en entrepreneur in die ware sin van die woord geword. Ongelukkig was dit die tyd toe 'n bruinman óf in 'n fabriek óf vir 'n werkgewer moes werk. Met sy fyn kunstenaars-aanvoeling het Willie werk gekry as assistent vir 'n tandtegnikus. Tussendeur het sy kunswerke bekend geraak en in Desember 1990 het hy meer uit sy verkope by galerye verdien as sy salaris en bonus vir die hele jaar.

❺ Evelyn, Willie se vrou, het gemeen dis tyd om sy vlerke te sprei. Sy sou aanhou werk as afset-beplanner van groetekaartjies. So is Willie met vier honderd ag en twintig rand huis toe gestuur nadat hy sestien jaar lank by dieselfde laboratorium kunstande gemaak het.

❻ Dit was die regte skuif. Mettertyd het sy werk so gesog geraak dat Evelyn ophou met werk het om na sy sakebelange om te sien. Sy is nou voltyds Willie se bestuurder.

❼ Vir iemand wat geen formele kunsopleiding gehad het nie, behalwe deeltydse lesse in 1986 by Kaapstad se Gemeenskapsprojek, presteer Willie uitstekend: ses solo-uitstallings en drie en veertig groepuitstallings regoor die wêreld, soos in Italië, Frankryk, Spanje, Holland, Switserland, Duitsland, Amerika, Kuba, Las Palmas en Senegal.

❽ "Willie werk saans tot laat. Hy voel baie skuldig as hy niks het om te wys vir sy dag nie," vertel Evelyn. "Dit lol partykeer, want in hierdie huis word gereeld gekuier. Hier is gedurig besoekers en oorsese studente wat tesisse oor Willie se werk skryf."

❾ Willie het nooit voorgegee dat hy 'n gróót kunstenaar is nie. Al wat hy wil doen, is kommentaar lewer op die lewe soos hy dit ken. 'n Dokumentêr van ons geskiedenis maak, met behulp van gemengde media.

❿ Sy ander kunswerke, dalk nog opspraakwekkender, is die funksionele dinge wat hy maak uit radio- en motoronderdele en skroot. 'n Petrolpomp word 'n musieksentrum, 'n watersilinder 'n wynkassie, 'n trekkersitplek raak 'n stoel. Om 'n grenslose verbeelding te hê en boonop knap met jou hande te wees - wat 'n gawe.